ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Junie 2023

## JEUGDAG 16 JUNIE

Op hierdie stadium van ons lewe, is ons jeug ons kleinkinders... en agterkleinkinders as ons gelukkig is. Dit help nie om in ‘n deftige kliniese aftreehuis te bly waar jou kleinkinders onwelkom voel nie. Jy het dalk baie min tyd met hulle oor.
Rig jou huis só in dat jou kleinkinders tuis en gelukkig sal voel. Indien jy waardevolle meubels en ornamente in die sitkamer het, rig vir hulle ‘n ander speelplek in waar hulle ongestoord kan speel: ‘n tweede slaapkamer, stoep of deel van die motorhuis.
Wat maak dit saak dat jy weer die huis “in orde” moet kry wanneer hulle weg is-wat maak dit saak dat jy weer die vloer moet mop al is dit nie normale skoonmaakdag nie-wat maak dit saak dat jy die volgende dag heeldag moet rus net om weer jou kragte te herwin?

## FATHERSDAY 18 JUNE

A husband is that “special guy” that you yourself picked out... as being nice to be around and nice to think about..... the one you wanted most of all to share your hopes and schemes.... the one you’re glad to waited for .... the answer to your dreams... the one who had that special way of being dear and sweet... the one who made your life worthwhile, your happiness complete....
A husband may not speak of love as often as he should... because he feels the love you share is clearly understood.... and yet, he lets you know he cares in countless little ways .... and it’s his smile you count upon to brighten cloudy days ... so, all in all, a husband is a pretty special guy... and, naturally, you love him more as every day goes by.... and even when you do not say the things you feel about him.... or tell him just how meaningless your life would be without him... you think somehow he understands...you’re proud to be his wife....and that his love will always be...your greatest joy in life.

(Lucille Boesken)

## MONTHLY CHAT GROUP

Come and enjoy the second instalment of Fred Clements's memories of his year on the Antarctic ice on Tuesday 13 June at 10am in the hall. He will tell us about a project in the mountains, where the team used husky dogs to transport equipment and provisions to strategic points for their research work. He will also describe life in the SANAE base, 20m under the surface, the long winter nights with temperatures of minus 46˚ and the magic of the Aurora Australis. All welcome.

## BESPEKINGSGROEP

Almal word hartlik uitgenooi na die tweede aflewering van Fred Clements se avonture op Antarktika- in die saal op Dinsdag 13 Junie om 10h00. Kom luister na die projek in die ysige berge; sleehonde wat gebruik is om voorrade en toerusting te vervoer; die basisverblyf 20m onder die ysoppervlak; lang winternagte onder 46˚ vriespunt en die Suiderligte belewenis.

## PRIVAAT HUIS-EN TUINWERKERS

Almal het nou al gehoor dat teen 30 Junie 2023 alle Zimbabwe werkers wat nie oor **geldige identifikasie** beskik nie, wat 'n geldige paspoort, visum of werkspermit insluit, en dus wettig by **Binnelandse Sake** geregistreer moet wees, Suid-Afrika moet verlaat en dit sal dus vir werkgewers onwettig wees om hulle in diens te hệ. Daar word gepraat van boetes tot R50 000 wat op werkgewers bedien kan word wat na 1 Julie **onwettige** werkers in diens het. Slegs aan Zimbabwiërs wat oor skaars vaardighede beskik, sal spesiale visums of werkspermitte uitgereik word. Huis-en tuinwerkers val nie in hierdie kategorie nie. Die ZEP (Zimbabwe Excemption Permit) wat voorheen deur Binnelandse Sake aan werkers uitgereik is, **sal nie meer van krag wees nie.** By die Landgoed is getroue Zimbabwe huis/tuinwerkers wat reeds vanaf 2016 hier by u werk en behoorlik geregistreer is op die Landgoed se stelsel met SAP-verklaring en al. Indien die besluit oor 30 Junie egter nie vanaf regeringskant teruggetrek/gekanselleer word nie, sal hulle dus **onwettig hier by ons op die Landgoed wees na 30 Junie.**

Ons hoop egter vir uitkoms vir die duisende mense. Wees egter voorbereid. (Inwoners word versoek om seker te maak dat hulle immigrant privaat werkers wettig geregistreer is by Binnelandse Sake. Maak seker die dokumentasie is nie vals nie) (Redakteur.)

## KOMBUISHEFFING

**Die Wet op Ouer Persone (Wet 13 van 2006**) vereis van die bestuur van 'n landgoed om te verseker dat inwoners toegang tot etes het. Dit is een van die maatreëls om te verhoed dat die inwoners voortydig verswak.
Die kombuisheffing verseker dat gehalte etes aan inwoners verskaf word en is noodsaaklik vir die volgehoue bedryf van die kombuis. Dit verseker ook dat die kombuisfasiliteit bly funksioneer om dienste aan inwoners en eienaars te verskaf. Die kombuis word ook gebruik deur die diensverskaffer om drie maaltye per dag aan die sorgsentrum te verskaf.
Die voordeel vir die eienaars lệ daarin dat bekostigbare etes daagliks in die landgoed beskikbaar is. Die kombuisheffing word maandeliks net so aan die huidige operateur (Kingdom Caterers) oorbetaal **as 'n bestuursfooi** om die kombuis oop te hou.

Die kombuisheffing word maandeliks op elke eienaar se heffingstaat aangetoon.
Die kombuisheffing sluit nie enige maaltye in nie. Elke inwoner moet maaltye bestel deur middel van die gerekenariseerde besprekingstelsel by die eetkamer. Spyskaarte is aan die begin van elke maand beskikbaar. Verskeie opsies rakende etes kan met Kingdom Caterers bespreek word.

## KITCHEN LEVY

**The Older Persons Act (Act 13 of 2006)** requires the management of a retirement estate to ensure that all residents have access to meals. This is one of the measures to prevent the residents from weakening prematurely.
The kitchen levy ensures that quality meals are provided to residents and is essential for the continued operation of the kitchen. It also ensures that the kitchen facility is sustainable and able to remain in operation to provide services to residents and owners. The kitchen is also used by the service provider to provide three meals a day to the frail care.
The advantage for the owners lies in the fact that affordable meals are available on a daily basis in the estate. The kitchen levy is paid monthly to the current operator (Kingdom Caterers) **as a management fee** to keep the kitchen open.

The kitchen levy is shown monthly on each owner's levy statement.
The kitchen levy does not include any meals. Each resident should order meals by means of the computerised booking system at the dining room. Menus are available at the beginning of each month. Various options regarding meals can be discussed with Kingdom Caterers.



SUB-ACUTE
PALLIATIVE CARE
HOSPICE CARE &
REHABILITATION
HOSPITAL

La Vie Care
Lynnmed

**Our services include but are not limited to:**

Specialized care:
- Specialized wound care
- Social Worker on Demand
- 24 HR Nursing Care
- Respite care

Neuro Rehabilitation
- Stroke & Trauma
- Brain injury
- Speech Therapy
- Physiotherapy
- Occupational Therapy

Orthopaedic Rehabilitation:
- Joint Replacement
- Post amputation Rehabilitation
- Post MVA Rehabilitation
- Cardio & Respiratory care

Recuperative & palliative care
- Restorative care
- Pain Management care
- End of life / Terminal Care
- IV Treatment
- Trachea/Peg Feeding
- Intravenous antibiotics

A: 315 The Hillside Street, Lynnwood, Pretoria E: cm@lynnmed.co.za T: 012 348 4995

## SOLIDARITEIT

Op 20 April 2023 het Solidariteit Helpende Hand 'n funksie in die saal aangebied aan alle inwoners ouer as 80 jaar, waartydens sertifikate uitgereik is. Tydens hierdie koffie, tee en verversings geleentheid, het die inwoners gesellig verkeer en mekaar ook beter leer ken. (foto's op volgende bladsye)

Die betrokke inwoners is dan ook geregistreer as ere-ondersteuners van Helpende Hand. Die registrasie en die sertifikaat is gratis vir elke individu en die doel van die registrasie is om aan te dui hoeveel mense daar byvoorbeeld per streek/provinsie of in Suid-Afrika is wat aan bogemelde kriteria voldoen en ook vir die loods van projekte in die toekoms. Inwoners ouer as 80 wat nie die funksie kon bywoon nie, kan hulle sertifikate by Ontvangs afhaal.

Solidariteit Helpende Hand het 'n hart vir bejaarde mense en het tans 'n projek in die hele land om bejaardes ouer as 80 te vereer vir hulle bydraes tot die ekonomiese welvaart van Suid-Afrika, opvoeding van alle kinders en hulle bydraes in die gemeenskappe.




Rona Falconer van 1123, baie in haar skik met aar sertifikaat






SERTIFIKAAT
VAN WAARDERING
Elsje Elizabeth
Boltman






ERE-ONDERSTEUNERS
SERTIFIKAAT
VAN WAARDERING
Leslie Labuschagne
ERE-ONDERSTEUNERS
SERTIFIKAAT
VAN WAARDERING
Neil Brink


ERE-ONDERSTEUNERS
SERTIFIKAAT
VAN WAARDERING
Karola Bierman


ERE-ONDERSTEUNERS
SERTIFIKAAT
VAN WAARDERING
Christo Smith
ERE-ONDERSTEUNERS
SERTIFIKAAT
VAN WAARDERING
Anna Maria Smith





## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie

3 Piyubaala Mistry (Piyu)
139 Nic en Alta Hanekom (van 246
164 Joey Meyer
246 Ray en Drienie Spencer (nuwe eienaars)
1212 Aalwyn en Magda v Niekerk
1233 Leonie Pittendrigh
1321 Alice Fenton

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

220 Marcha Geyer 7 April

## KANTOORURE

Die kantoor is **elke weeksdag** oop vir **alle transaksies** van 08h00 tot 16h00, dit sluit in elektrisiteitsverkope.

Indien u egter op 'n Saterdag of Sondag dringend elektrisiteit benodig, kan u hier naby by BP Eldoglen met kontant elektrisiteit koop.

## WINTERPROGRAM

Die winterprogram vir tuindienste duur van 1 Mei tot einde Augustus.
Gedurende die week van 2-5 Mei word al die gras gesny en daarna slegs tweeweekliks. Gras sal dus dan eers weer op 15-19 Mei gesny word.
Onthou dat bome en struike nie nou meer gesnoei moet word nie, anders sal die nuwe groei doodryp.
Beskerm jou sensitiewe plante met rypdoek en gee jou grasperk slegs 1x per maand soggens liggies water (gras moet rus)

## Wat is die verskil?

Vir doeleindes van inligting-insameling deur blokleiers word daar soos volg onderskei:
**Eienaar**: het 'n eenheid hier gekoop, beskik oor die Koop-Akte, en kan op die Landgoed woon, **of nie.**
**Inwoner**: woon in die eenheid wat aan 'n familielid behoort.
**Huurde**r: huur deur Csi of ander agente 'n eenheid hier.
Vir doeleindes van vergaderings en korrespondensie, word na **almal wat hier woon, as inwoners verwys,** afgesien daarvan of jy 'n eienaar, inwoner of huurder is.

## DIE DOOD IS WREED

Daai oproep wat jou lewe verander-dit ryg jou binnegoed by jou borskas uit, saam met jou hart. Dalk was dit skielik, en slaan hy harder. Dalk is dit 'n stadige aftakeling, en wens jy amper vir die einde, net om skuldig te voel daaroor. Jy huil. Snikkend, hortend, lelik, maar jy gee nie om nie. Wat maak voorkoms saak? En jy huil. Dis asof die dood 'n klip kom wegrol het van 'n spruit van verdriet wat nie einde ken nie.
Jy huil en jy huil en jy huil en die trane kom net.

Rou is nie iets wat mens kan vermy nie-die enigste pad na die anderkant is die pad daardeur. Jy voel oorweldig, want die rou is nie net die seer nie, dis nie net die trane wat uit jou stroom nie. Dis ook soos 'n brander wat oor jou spoel, en nes jy dink jy is beter, dan breek hy weer oor jou. En weer. En weer.

Dit is so dat die dood niemand van ons ontsien nie, en dit is 'n feit: dis veel, veel erger as wat jy jou hoegenaamd kan indink. Op die ou end kom maak hy homself tuis in jou binnekamer...en jy huil en jy huil en jy huil en jy wonder opnuut waar die trane vandaan kom.

Dan hou jy begrafnis en jy is seker jy kan nie méér seer voel as in hierdie oomblik nie. Maar jy leer gou die werklike alleen kom ná die tyd. Ander mense het seer, en jy het seer, en julle dra mekaar se seer, maar eenling is die mens gebore, en in die nag is dit net jy en die seer. Dalk kan jy nie slaap nie, of dalk wil jy net slaap. Dalk wil jou mense nie daaroor praat nie, maar jy wil. Of dalk wil jy net alleen wees. Dalk moet jy besig bly, of dalk wil jy juis niks doen nie.

Daar is nie reg of verkeerd hier nie. Niks gaan ooit weer dieselfde wees nie. Jy verwerk nie die verlies in die opsig dat jy daaróór kom nie. Jy verwerk dit deur te leer om daarmee sáám te leef. Jy leef óm die gat in jou hart. Want jy kan nie anders nie.
Hulle sê̩ vir my die seer gaan nooit weg nie; dit kom net minder gereeld uit, en word later sagter, meer verlange as fisieke pyn (maar die gemis gaan nooit weg nie).

Eendag kom gouer as wat jy dink, en daar is niks wat jou voorberei nie. Ander mense se woorde, myne ook, is net dít, tot jy hom self aan jou lyf gevoel het . ( Leon-Ben Lamprecht)

## COPING WITH HEARING LOSS

According to NCPPDSA (National Council for Persons with Physical Disabilities in South Africa) one third of people older than 65 are affected by disabling hearing loss (that is hearing loss greater than 40 decibels in the better hearing ear)
One of the main effects of hearing loss concerns the individual's ability to communicate with others and limited access to services. Exclusion from communication can affect everyday life significantly, causing feelings of loneliness, isolation and frustration.


**Points to consider when talking to someone with hearing loss**:
(even with a cochlear implant)
- Wave or touch the person's shoulder to draw his/her attention. A small movement of the hand will suffice. Waving in someone's face is considered rude.
-Make and keep eye contact with the person, and talk to the person, not the interpreter, lip speaker or note taker. Breaking eye contact indicates that the conversation is over.
-If in a noisy environment, see if you can move to a quieter spot.
-Establish a comfortable distance between yourself and the person you are talking with.
-Ensure that you stand in a well-lit area. The light should shine on your face.
-Be patient when you or the person experiencing hearing loss have/has difficulty in understanding or getting the message across.
-Rephrase, rather than keep on repeating sentences that the person does not understand.
-Keep sentences short and use proper sentence construction. Changing the subject mid- sentence could make it difficult for the person with hearing loss to follow.
-Speak clearly, so that the person can see and read your lips. Speech reading is more difficult if something obscures your face and mouth.
-Use your normal tone of voice when having a conversation, unless the person tells you otherwise.
-Use facial expressions that correspond with the topic and mood of the discussion. Pen and paper could help
-Do not walk between two people who are communicating, especially if they are using signed language.

(Sandra Maritz-NCPPDSA)

INSPIRASIE: OM IN VREDE TE KAN LEEF

In een Garfield-strokiesprent vra die kat se eienaar, Jon Arbuckle aan hom hoekom lyk hy so omgesukkel. Dan sê̦ Garfield: "Ek sal aan iets dink". Sommige mense gebruik Garfield as leermeester. Hulle is uit die staanspoor omgekrap. Dis hul ingesteldheid. Hulle is moeilik en tree moeilik op. Dis elke mens se onvervreembare reg om 'n kluit van homself te maak, soos wat 'n vriend van my graag opgemerk het.
Dis vir seker wel nie die Here se plan met ons lewe nie. Hy roep ons op  om in vrede met Hom en ander mense te leef.  Hierdie hemelse vrede, is 'n blywende wapenstilstand met God. Dis om te weet ons is altyd geliefd in Sy teenwoordigheid. Daarom leef ons uit hierdie vrede en dink ons aanhoudend aan nog redes om in vrede te leef met almal om ons.

(Stephan Joubert)

Eldoraigne
Retirement Estate

1 Bed Apartments
TO LET
FROM R 7 400 p/m
Stella Cloete
072 459 2230

1 Bed Apartments
FOR SALE
FROM R 955 000
Ruan Erasmus
071 481 6199

What our retirement villages can offer you:
24-Hour Care Center
Transportation Service
Medical Consulting Rooms
24-Hour Security Services

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions
*Registered with the PPRA